Vol in blom

Hermien van der Merwe is fyn ingestel op God se stem sodat Sy storie in haar kuns kan ontkiem.

deur SARENDA ELOFF-VORSTER foto's WESLEY VORSTER

Hermien van der Merwe het eendag besluit sy wil Romeine 8 uit haar kop uit leer. En sy hét toe. Dis daardie pragtige, kragtige hoofstuk waarin Paulus die nuwe lewe in Christus so poëties verwoord: "...want die Gees van God woon in julle (vers 9)".

Hermien (42) is 'n woekerende kunstenaar wat in Durbanville bly saam met haar man, Roelf, 'n skoolkys, en hulle kinders, Carla (13), Mari (11) en Roelf (7). Wanneer sy in haar lugtige ateljee op die boonste verdieping van die gesin se huis werk, priem die teksverse omtrent deur haar kop.

"Ek dink byvoorbeeld graag aan Ester. In die Bybel staan daar sy het juis vir 'n tyd koningin geword en haar doel op aarde was om die hele Jodedom van uitwissing te red. En dan dink ek weer aan my doel op aarde."

Nie dat Hermien enigsins onseker is oor haar missie hier ter plaatse nie, o nee. Sy maak kuns om die Koning se stories te vertel. "Ek boots maar net na wat Hy reeds gemaak het. Dis my manier om aan Hom terug te gee.

"Dis my heilige offer wat vir Hom aanneemlik is. Hy self het Sy kreatiewe Gees in my geblaas en my liefde vir kunsmaak daar geplaas."

'Hiér is ek geplant'

Hermien kom uit 'n familie van onderwysers en het op George grootgeword. Met die Indiese Oseaan aan die een kant, die Klein-Karoo aan die ander kant en die majestueuse Outeniekwaberge tussenin, is dit geen wonder nie

dat sy van kleins af reeds 'n besonderse band met die natuur het. Vandag is die Skepping in al sy prag en praal die hooftema van haar kuns.

"Om te skep is tog maar om God se Skepping na te boots. Ek is baie lief daarvoor om fynbos uit te beeld. Dis vir my so mooi en daar is soveel verskillende blomplante in die fynbos-biosfeer. Ek is veral lief vir proteas, suikerkanne, speldekussings en *Leucadendrons*. Fynbos is sterk plante, maar ook net so broos. En hierdie teenstrydigheid staan my aan, want is dit nie maar hoe ons as mense ook is nie?"

Fynbos hou vir Hermien ook 'n dieper, geestelike betekenis in. "Ek vind daarin ooreenkomste tussen die maak van my kuns en my geloofsreis. Ek hou van woordspelings soos koningsprotea, wat aansluit by my Koning (God), kroonblare wat aansluit by die Koning se kroon en speldekussings wat 'n doringkroon uitbeeld."

En oor krone kan Hermien lekker opgewonde raak. Sy vertel hoe simbolies 'n kroon van speldekussings is: "God het 'n doringkroon gedra sodat ons 'n speldekussingkroon kan dra. Hy het gesê: 'My juk is sag en my las is lig' (Matteus 11:30). Wat beeld dit dan beter uit as 'n blomkroon, 'n speldekussingkroon!"

Die Van der Merwes se huis is inderdaad self 'n pragtige ruimte waarin sekere kunswerke blom wat Hermien na aan die hart lê. Daar's olieverfwerk van stillewes, uitbundig en kleurryk. Bokant die klavier hang 'n baie besonderse stillewe, dié keer in gedempte groene en bruine. "Hierdie ene is myne," lag Hermien, "hy mag nooit die huis verlaat nie." Neffens die klavier staan 'n bal-en-klou-uitstalkassie wat sy 'n flambojante waatlemoenpienk geverf het. Dié word plesierig geselskap gehou deur ou plaasimplemente wat mooi afgeskuur en vernis is.

"Die Here het my tien jaar gelede hier, in die Durbanville-heuwels soos ons dit noem, kom plant. Hiér moet ek blom. En daarom voorsien Hy hier vir my. Die meeste van my werk word aan mense in my omgewing verkoop."

Hermien is ernstig oor haar kuns as bedieningsveld. "Ek het 'n boodskap om uit te dra, maar ek wil nie op 'n podium staan nie. Ek glo elke stuk waaraan ek werk, het 'n voorafbestemde huis ▶





◄ waarheen dit moet gaan. En wanneer die kunswerk sy eindbestemming bereik, is die Heilige Gees volkome in beheer."

Omdat sy Geesgeïnspireerde kuns skep, speel die keuse van kleur 'n belangrike rol in haar werk. "Pers simboliseer adellikheid en outoriteit; groen simboliseer nuwe lewe; rooi versinnebeeld bloed/vrygekoop; oranje dui op die Heilige Vuur en swart simboliseer die brandoffer."

Goud en silwer is vir Hermien belangrike simbole wat suiwering versinnebeeld. Om skoon te kom voor God is vir haar 'n daaglikse prioriteit, "om te sterf in myself en vol te word van Hom". Aan hierdie teksverse hou sy styf vas: "Soos iemand wat silwer smelt en suiwer, so sal Hy as regter gaan sit om die Leviete te suiwer, om hulle te louter soos goud en silwer, sodat hulle aan die Here 'n offer kan bring wat bestaan uit regdoen" (Maleagi 3:3). Ook Matteus 3:11: "Ek doop julle wel met water omdat julle julle bekeer het, maar Hy wat ná my kom, is my meerdere, en ek is dit nie eers werd om sy skoene uit te trek nie. Hy sal julle met die Heilige Gees en met vuur doop."

"Fynbos word van tyd tot tyd deur veldbrande getref, soos ons weer aan die begin van die jaar in die Kaap gesien het," sê sy. "Die vuur skroei die aarde en brand die sade – dit sluit vir my so mooi aan by die mens se lewe. Ons word ook gereeld gelouter om suiwer te word. Dit is ons pad van heiligmaking."

Vir Hermien is die proses om in haarself te sterf en vol te word van God, 'n daaglikse proses. "Dis nie vir elke mens 'n pynlike reis nie; ek wil elke dag rein kom voor Hom, gereedmaak vir Sy koms.

"Nes die fynbos wat ná 'n veldbrand met nuwe ywer opkom, weet ek ook dat 'n nuwe, suiwerder lewe vir my voorlê in die volgende seisoen, danksy die Heilige Vuur," sê sy.

"Al het ek geen idees nie, begin ek met iets. En dan is dit asof my hande iets skep wat die Heilige Gees op my hart geplaas het..."

'n Stil lewe

Anders as wat mens soms van kunstenaars verwag, is Hermien 'n baie geordende mens. Sy wil graag in die middag daar wees vir haar kinders wanneer hulle van die skool af terugkom. Daarom gaan sit sy soggens klokslag agter haar tafel en val weg. "Al het ek geen idees nie, begin ek met iets. En dan is dit asof my hande iets skep wat die Heilige Gees op my hart geplaas het. Soms sien ek dit eers ná die tyd raak, soos die dag toe ek gevoel het ek verf en verf, maar niks gebeur nie. Maar toe ek die middag skool toe ry om die kinders te gaan oplaai, toe tref dit my: Ek het 'n vrouegesig, 'n voëltjie en 'n protea geteken. En toe eers besef ek die betekenis daarvan: Net soos God vir die veldblomme en die voëltjies sorg, sorg Hy ook vir ons! (Matteus 6:25-34)."

Hermien glo verder 'n mens kan net kreatief wees wanneer jy kreatief is. Begin net, die res sal volg.

Ná haar deelname aan *Zivaglo*, 'n gesamentlike produksie deur verskeie kunstenaars by die Woordfees op Stellenbosch in 2013, het 'n uitstalling gevolg by Alice Art in Gauteng. Dit het gelei tot haar eerste solo-uitstalling verlede jaar by die Rust-en-Vrede-galery in Durbanville. Die titel was *Blom waar jy geplant is*, geïnspireer deur Romeine 12:1-2: "Gee julleself aan God as lewende en heilige offers wat vir Hom aanneemlik is. Dit is die wesenlike van die godsdiens wat julle moet beoefen. Julle moenie aan hierdie sondige wêreld gelyk word nie, maar laat God julle verander deur julle denke te vernuwe. Dan sal julle kan onderskei wat die wil van God is, wat vir Hom goed en aaneemlik en volmaak is."

Buiten proteas het Hermien 'n reeks vroulike portretstudies vir die uitstalling gemaak wat elkeen 'n geestelike betekenis gehad het, soos *Dogters sal gesigte sien*, *Hadassa* en *Die laaste dae*.

Hermien vertel hoe sy al as jong dogter intens bewus was van hoe lig op mense se gesigte val. Sedertdien teken sy lig en skadu's en die eindproduk is 'n portretstudie. "Ek is oor die algemeen lief daarvoor om gesigte te teken. Daar is nooit een wat dieselfde is nie. Die vroue wat ek teken, stel vir my kinders van God voor en ook die bruid van Christus. Bruilofstemas kom gereeld in my werk voor – 'n bruid, 'n kroon/tiara, die serruria-blommetjie (*blushing bride*). Dit simboliseer vir my dat ons moet gereedmaak vir die koms van ons Bruidegom."

Deesdae waag Hermien – met lieflike sukses – haar hand ook aan aalwyne en haar nuutste tema, artisjokke. "Ek het pas twee reuse-aalwynsketse in opdrag van 'n hotel op Franschhoek gemaak. Die aalwyn is vir my tekenend van genade in droogte. Dis 'n plant wat sterk staan, kom wat wil. En boonop het dit genesende eienskappe."

"Artisjokke, weer, is heilsame voedsel. Maar om by die kosbaarste deel, die hart, uit te kom, moet jy die buitenste lae afdop. Dit simboliseer vir my 'n suiweringsproses, en om dinge wat onnodig is, te snoei. God kyk na ons hart."

Lig vir die wêreld

Hermien is klein gebou, maar met haar fynbesnaarde hande maak sy ook allemintige groot kandelare in die vorm van 'n koningsprotea. Die blaargedeeltes is twee- of driedimensionele draadkonstruksies wat sy sorgvuldig met Egiptiese linne en katoen oortrek, en gebaseer is op teks wat verwys na die Ewige Lig.

Eie aan Hermien het elke blomlig ook 'n Goddelike boodskap. "Ek skep elke lig in die hoop dat almal wat dit as ligbron gebruik, sal nadink oor die ware Bron van lig en lewe.

"Dit is as't ware 'n herinnering dat, nes die lig ingeprop moet wees by 'n kragbron, ons met die Here verbind moet wees sodat Sy lig deur ons lewe kan uitstraal na die donker wêreld." *Kinders van die Lig* (Johannes 12:36), *Lig op my pad* (Psalm 119:105), *Lewe in die Lig* (Johannes 12:55) en *Die ware Lig* (Johannes 1:9) is enkele titels van dié vlammende blomme.

Om 'n tydjie saam met Hermien deur te bring is soos om op 'n liefdesreis deur die landskap van die Afrikaanse taal te gaan.

Sy en die Here is deurgaans in gesprek met mekaar, en die woorde wat Hy in haar lê, word poësie wanneer sy dit omskep tot iets vir die oog. Bruid, kroon, offer, seënreën, liefgehê, heilig, adellik, gesnoei, Hadassa, en, bo alles, Koningskind.

Dis als woorde wat êrens, eendag, op 'n bestemde dag, by die regte huis aankom in die vorm van 'n kunswerk en nuwe vreugde bring.

Ongetwyfeld. Want is iets dan te buitengewoon vir die Here?

Het jy geweet?

- Hermien werk in 'n groot verskeidenheid mediums wat die temas van haar werk versterk.
- Sy teken met houtskool (gebrande hout) en vlambare gom wat sy aansteek op die kunswerk om pragtige tookmerke te maak. Dit sluit aan by die brandproses waardeur die fynbos soms gaan wanneer veldbrande dit tref.
- Soms gebruik sy verdunners om drukkersink van papier af te stroop of 'n afdruk daarmee te maak – dit sluit weer aan by die stropingsproses wat ons moet ondergaan om skoon te kom voor God.
- Sy span ook interessante kombinasies in, soos pen en ink, poeierpastel, waterverfpotlode en grafiet, en waterverf en olieverf. "Die groot verskeidenheid materiale hou my werk vir my interessant!"